



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NATIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V1

NOVEMBER 2019

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Leesbegrip	(30)
AFDELING B: Opsomming	(10)
AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies	(30)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep ná elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: 50 minute
AFDELING B: 30 minute
AFDELING C: 40 minute
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS A: ARTIKEL**IS AFRIKAANSE MUSIEK REGTIG SO VROT?**

Johan Myburg


- | | | |
|---|--|----------|
| 1 | <p>In 'n onlangse vlag kritiek in briewe aan koerante, op nuuswebwerwe en sosialemediaforums waarin uitgevaar is teen Afrikaanse musiek, het sangers, liedjieskrywers en radiostasies behoorlik deurgeloop. Sangers is beskuldig van "ritmelose en irriterende musiek"; liedjieskrywers is geroskam oor hulle "herhalende, niksseggende en ligsinnige lirieke". Radiostasies se programsamestellers van musiekprogramme is uitgekryt as "bewusteloos" omdat hulle blykbaar nie 'n benul het van wat goeie en slegte musiek is nie. Hulle moes hoor hulle doen nie die nodige navorsing om ordentlike materiaal te bekom nie.</p> | 5 |
| 2 | <p>Weggesteek tussen die stortvloed van bogenoemde klagtes kom die eeue-oue probleem weer na vore: wat is goed en wat is sleg, wat is reg en wat moet weg? Oor voorkeure, het die Romeine dit al lankal uitgemaak, kan 'n mens nooit 'n finale beslissing vel nie. 'n Mens se persoonlike voorkeure bly bloot subjektiewe menings, en dit kan tog nooit voorskriftelik van aard wees nie en behoort daarom tydens argumentvoering oor die gehalte van Afrikaanse musiek buite rekening gelaat te word. Een persoon se ordentlik en smaakvol is vir die ander hondvervelig; vir iemand is 'n spesifieke sanger se musiek 'n getjank, vir 'n ander weer, die toppunt van tere emosie.</p> | 10
15 |
| 3 | <p>Meningsverskille oor die gehalte van Afrikaanse musiek is nie iets van verbygaande aard nie. Met gereelde tussenposes is daar telkens golf op golf van kritiek wat opstoot en dikwels walle oorspoel, soos nou weer die geval is. Reeds in 2012 het Marike Verwey, 'n joernalis wie se spesialisveld Afrikaanse musiek is, in dié verband in <i>Huisgenoot</i> haar kwellings oor Afrikaanse musiek geopper. Van haar sterkste punte van kritiek was dat die mark oorstroom is met Afrikaanse musiek waarvan die lirieke van "swak gehalte" is, dat daar te min liriekskrywers is wat weet hoe om "goeie musiek te skryf" en dat "te min sangers bereid is om vernuwende Afrikaanse musiek te sing". <u>En nou, sewe jaar later, word steeds briewe hieroor geskryf, grappe om braaivleisvure oor "my-baby-baby-musiek" gemaak en kritiek oor flou Afrikaanse musiek geopper.</u></p> | 20
25 |
| 4 | <p>Na aanleiding van Verwey se kwellings hierbo en in die ewige soeke na wat goeie Afrikaanse musiek nou eintlik is, reageer die Afrikaanse liedjieboer, Anton Goosen, dat daar nie werklik 'n resep bestaan om tussen goeie en swak musiek te onderskei nie. "Vir my is dit belangrik dat 'n liedjie die luisteraar enduit geïnteresseerd moet hou, hetsy dit nou deur middel van die woorde of die wysie is. As 'n liedjie met jou práát, dán is dit 'n goeie 'song', " sê hy.</p> | 30
35 |

5	In verdere reaksie op Verwey se kritiek rakende die sogenaamde swak lirieke in Afrikaanse musiek, is die sanger/liedjieskrywer, Simoné Redcliff, baie uitgesproke: "Asseblief, hekwagters, hou ryme en ritmes en diep gedagtes uit ons musiek! Swak lirieke is 'n klein opoffering in die belang van artistieke vryheid; los musiek sodat dit kan wees wat dit wil – musiek! Los diep gedagtes vir letterkundiges. Musiek wil nie poësie wees nie, asseblief!"	40
6	Estelle Loftus, stasiebestuurder van die Afrikaanse radiostasie, LFM*, verdedig die kritiek wat na die radiostasies geslinger word – veral dié oor hulle keuses van liedjies met niksseggende lirieke – deur te verduidelik dat LFM se luisteraars se musieksmaak die kriterium is wat gebruik word vir dié stasie se sogenaamde vullermusiek (musiek wat tussen programme gebruik word). LFM se musiek moet luisteraars goed laat voel, met ander woorde, musiek moet 'n opgeruimde wysie hê; musiek wat die luisteraar in 'n goeie luim kry, nie rock nie en ook nie stadiger of wroegende musiek nie. Om hierdie balans te handhaaf moet LFM se programopstellers gereeld die veranderinge in die Afrikaanse musiekmark dophou om seker te maak dat die stasie goeie musiek speel waarvan hulle luisteraars hou.	45 50
7	In reaksie op Verwey se kritiek dat sangers nie vernuwende Afrikaanse musiek wil sing nie, sonder Isaac Mtshali, grootbaas van Boom Recording Studios, van sy maatskappy se sangers uit wat werklik uit hulle pad gaan om vernuwend te werk, dikwels ten koste van finansiële voorspoed as gevolg van kleiner luistergetalle en CD-verkope. "Kunstenaars soos David Kramer, Anton Goosen, Refentse en veral Les Javan is vernuwende sangers wat musikale brûe herstel, ook tussen bruin en wit musiek liefhebbers wat deel van 'n unieke musiekgeskiedenis vorm," sê hy.	55 60
8	Is Afrikaanse musiek dan rêrig so vrot? Wat musiek liefhebbers nie uit die oog moet verloor nie, is dat 'n beduidende segment luisteraars van Afrikaanse musiek nie noodwendig dieselfde hoë artistieke standaard soos die kritici in gedagte het wanneer hulle na 'n liedjie luister nie. Hulle wil bloot na musiek met maklike lirieke luister wat hulle in die motor op pad huis toe in staat stel om te kan saamsing, en musiek waarvan die ritme hulle voete op 'n dansbaan laat jeuk.	65
9	Solank musiek liefhebbers en -luisteraars musiek koop en luister na wat hulle laat goed voel, is Afrikaanse musiek kerngesond. En as dit dan bokkie-sokkie-rokkie-lirieke en brabbelmusiek is, wie se "smaak" is dan nou regtig só verkeerd?	70

*LFM is die handelsnaam vir die nuwe deurnagradiostasie, Luister-FM.

[Verwerk uit <https://maroelamedia.co.za>]

TEKS B: VISUELE TEKS

[Verwerk uit *Volksblad*, 1 September 2015]

VRAE: TEKS A

- 1.1 Watter inligting in paragraaf 1 dui aan dat die kritiek oor Afrikaanse musiek wyd in omvang was? (1)
- 1.2 Wie, wat by die kreatiewe prosas van Afrikaanse musiek betrokke is, loop onder kritiek deur en wat is hierdie kritiek? (2)
- 1.3 Waarom kan daar oor voorkeure nooit 'n finale beslissing gevel word nie? Watter wenk gee die skrywer in paragraaf 2 in hierdie verband? (3)
- 1.4 "... golf op golf van kritiek ..." en "... dikwels walle oorspoel, ..." (reël 20 en 21).
Dink jy die woordkeuse in hierdie aanhaling is binne konteks van die artikel effektief? Gee TWEE redes vir jou antwoord deur na elke aanhaling hierbo **afsonderlik** te verwys. (2)
- 1.5 Noem kortliks Marike Verwey se hoofpunte van kritiek teenoor Afrikaanse musiek. Gee EEN rede waarom sy NIE kritiek teenoor radiostasies se programsamers van musiekprogramme lewer NIE. (4)
- 1.6 Wat is die verband tussen die onderstreepte gedeelte in paragraaf 3 en die inhoud van paragraaf 1? (1)

- 1.7 Gee TWEE redes waarom Simoné Redcliff die kritici van Afrikaanse lirieke as "hekwagters" beskryf. Motiveer waarom juis Redcliff se uitsprake van "hekwagters" ongeloofwaardig is. (3)
- 1.8 Herlees paragraaf 6.
- 1.8.1 Watter teenargument voer LFM aan ten opsigte van die kritiek waaronder radiostasies in paragraaf 1 deurloop? (1)
- 1.8.2 Sal luisteraars na LFM wil luister nadat hulle die inligting in ag geneem het oor hoe hierdie radiostasie hulle musiek kies? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.9 Wat sal 'n positiewe gevolg vir die kunstenaars van Boom Recording Studios wees indien hulle NIE vernuwende musiek sing NIE? Sê ook hoekom sangers wat nie vernuwende musiek sing nie, vir Boom Recording Studios tot voordeel kan wees. (3)
- 1.10 Watter sanger word volgens die teks as brugbouer uitgesonder? Sê ook wat dit beteken om 'n brugbouer vir Afrikaanse musiek te wees. (2)
- 1.11 Paragraaf 8 verwys na hoë artistieke standaarde wat kritici in gedagte het.
Aan watter hoë artistieke standaard sal liedjieskrywers volgens die teks moet voldoen indien hulle kritici ten opsigte van gehaltemusiek tevrede wil stel? (1)
- 1.12 Dink jy die kritiek teen Afrikaanse musiek, soos in hierdie artikel, is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

VRAE: TEKS B

- 1.13 Is die visuele aanduidings gepas om die tema van musiek uit te beeld? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)
- 1.14 Is die hartjie saam met die woorde op die sanger se hemp funksioneel om die spotprent te verstaan? Motiveer jou antwoord. (1)

VRAE: TEKS A EN TEKS B

- 1.15 Die woorde van die liedjie in TEKS B hou verband met van die kritiek wat in paragraaf 1 van TEKS A genoem is.
Bewys die korrektheid van hierdie stelling. (1)
- 1.16 Met watter woord in paragraaf 5 van TEKS A hou SPRAAKBORREL 2 van TEKS B verband? (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE voorbeelde van olifantgedrag** wat die skrywer waargeneem het.

LET WEL:

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

TEKS C**OOM OLIFANT, JOU REUSEDIER**

Gewoonlik hou ek my hart vas as ek olifante en hulle gedrag in my tuin in Sabiepark dophou. Hulle verras my elke keer opnuut met iets anders as tydens hulle vorige besoeke.

Olifante is sulke merkwaardige diere dat ek my vrye tyd dikwels gebruik om notas te neem terwyl ek my aan hulle positiewe kwaliteite verwonder. Hierdie diere openbaar in die eerste plek 'n humorsin wat my verstom. Daarom was my lekkerste glimlagervarings te danke aan olifantplatjies wat met hulle slurpe waterkanon-waterkanon speel.

Nes mense se velle uitdroog, word olifante ook met hierdie selfde probleem gekonfronteer. Maar wat nou as hierdie diere nie "olifantroom" het nie? Dan word olifante planmakers: hulle rol in modderpoele om hierdie probleem die hoof te bied! En tydens hierdie ontspannende modderrituele het ek ook verbaas opgelet hoe vindingryk hierdie diere se kommunikasietegnieke is: flappende ore van die leierolifante is byvoorbeeld 'n teken dat gevaar dreig.

As 'n mens olifante se samesyn fyn dophou, sal jy agterkom dat 'n basiese familiegroep om een volwasse koei georganiseer word. Die manier waarop die trop hulle binne hierdie vaste sosiale struktuur gedra, is absoluut fassinerend. Die leierolifant en haar kalwers word byvoorbeeld onder andere toegelaat om altyd eerste te eet en te drink. As ander volwasse olifante hierdie patroon ontwig, is die duiwel behoorlik los!

Daarom is dit dan ook nie snaaks as jy bogenoemde in ag neem om die buitengewone band van welwillendheid tussen olifante in dieselfde trop te verstaan nie. 'n Olifantkoei sal byvoorbeeld dadelik die kalf van 'n ander koei as haar eie aanvaar as die situasie dit sou vereis.

Indien 'n olifanttrop met 'n struikelblok gekonfronteer word, sal die leiers verskeie oplossings oorweeg as dit vir die trop geen gevaar inhou nie. 'n Mens verstom jou aan olifante se hoë intelligensievlakke. Hulle redeneer soos mense! En as hulle speel, speel hulle met 'n sorgvrye uitgelatenheid soos mensekinders. Ek geniet dit byvoorbeeld altyd wanneer hierdie grote diere en hulle kalfies hulle soos mense gedra.

So, verspeelde vrye tyd, reken ek, is in orde as ek dit vergelyk met die ure se genot wat ek ervaar terwyl ek hierdie fantastiese kolosse bewonder.

[Verwerk uit <https://blogs.litnet.co.za/hvandeventer>]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS D

1 AFRIKAANSKLASSE – 'n verandering!

2 ***KIES 'N VERANDERING NA POSITIEWE RESULTATE MET***
3 ***MODERNE REKENAARGESTEUNDE LESSE EN***
4 ***PERSOONLIKE AANDAG!***

5 Ons interaktiewe lesse vergemaklik
6 klaskameronderrig.

7 Tutors sal verseker dat jy jou
8 kennis verder uitbrei.

9 Ons sistematiese benadering is as
10 dié top leermetode in Afrika*
11 aangewys.

12 **Kontak Piet vir meer**
13 **inligting en vir**
14 **spesiale aanbiedings!**

15 **Kaapstad**
16 **021 462 6358**
17 **piet@gmail.com**

18 **ONS VIER VANJAAR ONS**
19 **VYFDE BESTAANSJAAR.**

**Huistaal
Graad 4–12**

20 ***Via Africa-toekennings 2006–2017**

[Verwerk uit <https://laerskoolpietduplooy.co.za>]

VRAE: TEKS D


- 3.1 Gebruik die verkleiningsvorm van die onderstreepte woord (reël 1) in 'n sin van jou eie. Skryf dan die basisvorm/stam van hierdie woord neer. (2)
- 3.2 Gebruik die onderstreepte woord in reël 2 as 'n sterk verlede deelwoord in 'n verklarende sin. (1)
- 3.3 Herskryf reël 5 en 6 in die aanvoegende wyse. (1)
- 3.4 Verbeter die pleonasme deur reël 7 en 8 korrek oor te skryf. (1)
- 3.5 Skryf die ooredende taal wat in reëls 9 tot 11 voorkom, neer. (1)
- 3.6 Is die stelling in reëls 9 tot 11 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (1)
- 3.7 Herskryf die sin in reëls 12 tot 14 in die lydende (passiewe) vorm. (1)
- 3.8 Adverteerders fokus op 'n spesifieke teikenleser.

Wie is die teikenleser wat die adverteerder met hierdie advertensie wil bereik?
Slaag die advertensie daarin om die teikenleser te oortuig om te reageer?
Motiveer jou antwoord. (2)
- [10]**

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E



[Verwerk uit <https://gocomics.azcentral.com>]

- 4.1 Skryf 'n woord in RAAMPIE 1 neer waarin klankverspringing/metatesis voorkom. Wat impliseer Jerome met die onderstreepte uitdrukking in hierdie raampie? (2)
- 4.2 "Ek het jou gesê alle oumense is moeilik oor hulle karre!" (RAAMPIE 1)
Stem jy saam dat Jerome hier bevooroordeeld is? Motiveer jou antwoord. (1)
- 4.3 Verbeter die anglisisme deur die onderstreepte sin in RAAMPIE 2 te herskryf. (1)
- 4.4 Verbind die onderstreepte sinne in RAAMPIE 3 en 4 met die voegwoord *omdat*. Watter betekenisfunksie het dié voegwoord in hierdie saamgestelde sin? (2)
- 4.5 Waarom is dit noodsaaklik dat "eggo" (RAAMPIE 4) met 'n dubbelkonsonant geskryf word? (1)

- 4.6 Gebruik die onderstreepte werkwoord in RAAMPIE 6 as 'n skeibare werkwoord in 'n verduidelikende sin. (1)
- 4.7 Hoe word seuns in RAAMPIE 7 gestereotipeer? (1)
- 4.8 Vorm 'n selfstandige naamwoord van die onderstreepte werkwoord in RAAMPIE 8 deur middel van klinkerwisseling. (1)
- [10]**

VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS F

MET GOEIE VETKOEK KAN 'N MENS DIE WINTER VERSLAAN

- 1 Wanneer dit by innerlike versterking kom, is ek nie 'n man van fieterjasies nie.
- 2 In die geval van 'n (5.2) vierpotige dier begin ek by sy snoet en eindig by sy stert se punt. As dit by voedsel kom, is kieskeurigheid nie deel van my woordeskat nie. (5.3) Ek verorber álles.
- 3 Maar nou moet ek erken dat ek vir één (5.4) eetding in hierdie lewe 'n swak plek het – vetkoek.
- 4 Om hierby aan te sluit is ek geseën met 'n wederhelf wat nie ronde handjies het nie. Dikwels wonder ek of sy nie ingeboude suurdeeg in haar hande het nie.
- 5 Want 'n degie wat onder daardie twee gebalde vuiste in 'n knieskottel deurgeloopt het, rys binne minute tot epidermiese proporsies. Dwarsoor die rant van die skottel. Soos lawa uit 'n vulkaan.
- 6 Haar eindprodukvetkoeke is deur die bank so veerlig soos heliumge vulde ballonne. Bedien dit nou met 'n stomende porsie sop, dan is jou stryd teen die winter reeds halfpad gewonne.
- 7 Selfbeheersing teen oordadigheid is dán die (5.8) wagwoord.
- 8 My liefde vir vetkoek het doer in my kinderdae begin. My tannie Angeline het 'n tuisnywerheid met 'n raaskopparaffienstofie, 'n sakkie meel en 'n paar blokkies Holsumvet begin.
- 9 En hier lê die winter nou weer vlak voor die deur. Ja-nee, sommige dinge is die moeite werd om na uit te sien.

[Verwerk uit *Die Burger*, 19 Mei 2018]

- 5.1 Skryf die diftong wat in die titel voorkom neer. (1)
- 5.2 Wat is die funksie van die onderstreepte agtervoegsel in paragraaf 2? (1)

- 5.3 Verander die onderstreepte sin in paragraaf 2 van gevoelstaal na neutrale taal. (1)
- 5.4 Gee die meervoud van die onderstreepte woord in paragraaf 3. (1)
- 5.5 Skryf 'n byvoeglike bysin uit paragraaf 4 neer. (1)
- 5.6 Gee die rede vir die gebruik van die komma in onderskeidelik paragraaf 5 en paragraaf 8. (2)
- 5.7 Wat is die funksie van die onderstreepte verbindingswoorde in paragraaf 6? Gebruik ook dié onderstreepte woorde denotatief in 'n sin van jou eie. (2)
- 5.8 Gebruik die bepaler van die onderstreepte woord in paragraaf 7 as die kern van jou eie samestelling. (1)
- [10]**

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70